# Familienuus

Familiekerk NG Kameeldrif

2 November 2025
Kwartaal 4 - Uitgawe 3

# Dankie!

Ons het 'n ongelooflike gemeente — elkeen van julle dra by, en saam maak ons die verskil.
Sonder julle sou hierdie wonderlike mylpaal nie moontlik gewees het nie.

Ons aanvaar nogsteeds dankoffers, hetsy kontant/kaart betaling / EFT / Zapper of Snapscan.

# OKTOBER IS DANKOFFERMAAND

## Waarom dankoffer gee?

Jy sê so DANKIE!

As jy al ooit gewonder het hoekom jy as gelowige 'n dankoffer moet gee, lees 2 Korintiërs 9:7:
"Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief." Daarom liewe Kind van die HERE; gee soos wat die Gees van God jou lei om te gee.

## Hoekom word dit 'n dankoffer genoem?

Dit word 'n offer genoem want ek gee iets van myself.

## Waar word jou dankoffer aangewend?

- Eredienste
- Musiekbediening
- Tegnologie

(Podcast, opnames, lewendige uitsendings ens)

- Berading
- Bediening

(Musiek, Groep ens)

- Kommunikasie
- Jeugkampe & Kampe

## Hoeveel het ons begroot

**R 400 000**

## MANIERE OM BYDRAE TE MAAK

- Bring dit in 'n koevert kerk toe en gooi in die sakkies tydens kollekte.
- Jy kan kontant gee of kaartmasjien betaal by die kerkkantoor tydens kantoorure 07:00-13:00 of Sondae by die inligtingstoonbank in die kerk.
- Jy kan elektronies in die volgende rekening oorbetaal.

Bank: ABSA
Tak: Derdepoort
Rekening Naam: Familiekerk NG Kameeldrif
Rekeningnr: 1430580104
Taknommer: 335245

Snapscan

Zapper

www.kameeldrif.org
info2@kmeeldrif.org
076 554 5031
Kerkkantoor tye:
Maandae - Vrydae
07:00 tot 13:00

# DAGBOEK

| November | Desember |
|---|---|
| 21 - Belydenisdinee | **10** - Skole sluit |
| **23** - Belydenisaflegging | **16** - Geloftediens |
| **8** - Damesoggend | **25** - 08:00 Kersdiens |
| **10** - Kerkraadsvergadering | **30** - 18:00 Oujaarsdiens |
| **22** - Rolbaldag | |
| **29** - Kersliedere by Kerslig | |

# ONS VROUE SE HOOGTEPUNT VAN DIE JAAR: DIE VROUEFUNKSIE!

Die opgewondenheid vir ons damesoggend loop hoog – dis beslis iets om na uit te sien! Dit gaan 'n heerlike oggend wees met quiche en slaai, lekker geselskap en selfs 'n paar stalletjies – van klere en juwele tot velprodukte en grimering. Moet dit nie misloop nie! Kry jou kaartjie vandag nog – vir jouself, jou tienerdogter, ma, suster, skoonma, vriendin of selfs 'n kollega.



# NUWE DINGE STEEK HUL KOPPE UIT




## ROLBAL

Rolbal maak sy verskyning by ons gemeente!
Sluit aan vir lekker kuier, lag en nuwe vriendskappe.
Ons sien uit na hierdie vars, gesellige gemeentekuier!

**Kliek op die skakel en skryf in vir jou rolbal deelname:**

https://forms.gle/4K8kCoRBjtQWkMVr8



# DANKOFFERFEES SONDAG

Wat 'n Dankfees wat ons nooit sal vergeet nie!

'n Groot dankie aan die dames vir al die harde werk met die voorbereiding van die kos – dit het werklik sy vrugte afgewerp! 🌸

Die tuin was vandag 'n prentjie van saamwees — mooi versierde tafels, heerlike peuselhappies en 'n gevoel van opregte dankbaarheid wat deur alles gestraal het.

Ons het regtig soveel om voor dankbaar te wees! 🙏



# WAT 'N ONGELOOFLIKE WORSHIP AAND

Ons Worship-aand laas Sondag was 'n onvergeetlike ervaring vol musiek, inspirasie, geselsies en heerlike saamwees! 💫
'n Aand wat ons tieners vir altyd sal onthou.
Ons kan nie wag vir die volgende Worship-aand vroeg in 2026 nie! 🙌🔥




www.kameeldrif.org
info2@kmeeldrif.org
076 554 5031
Kerkkantoor tye:
Maandae - Vrydae
07:00 tot 13:00

# KOFFIE KUIERS

Dis altyd heerlik om nuwe gesiggies by ons groepe te sien! Dis immers waaroor koffie drink gaan – om nuwe mense te ontmoet en saam stories te deel. Maak dit deel van jou doelwit om hierdie kwartaal by een van die groepe in te skakel – jy sal verbaas wees hoe vinnig mens tuis voel tussen nuwe vriende.

## Dinsdag

**09:00** Hekel en Brei Kuiergroep
Café Kremetart
Adéle Joubert 082 724 5531

**17:00** Sagte Harte Vrouegroep
Café Kremetart
Annetjie De Castro 082 707 0453

## Woensdag

**07:30** DKW Mannegroep
Café Kremetart
Arnold Nortjé 083 288 5138

**18:00** Koffie Kletsers - 'n Groep vir naskoolse jongmense.
Kom kuier, klets, ontlaai en "connect" met mense van jou ouderdom.
Café Kremetart
Ds Drian Viljoen 084 608 2859

**18:00** Koffiebone - Gr 12 plus
Café Kremetart
Ds Jacques Heymans 064 941 1572

## Donderdag

**08:00** 50plus Manne
Café Kremetart
Ds Jacques Heymans 064 941 1572

**08:30** "Naughty Forties" Vrougroep
Café Kremetart
Karien Pretorius 060 963 7566

**10:30** Nehemia Bybelstudie
Café Kremetart
Ds Drian Viljoen 084 608 2859

## Vrydag

**04:55** Mannegroep
(1ste Vrydag van die maand)
Café Kremetart
Ds Drian Viljoen 084 608 2859

**08:00** Elke tweede Vrydag
KLUB 100 Manne
Bushman's Rock
Ds Jacques Heymans 064 941 1572

**08:00** Sagte Harte Vrouegroep
Café Kremetart
Anika De Jager 082 451 1338

60plus (eerste Vrydag van elke maand)
Annette Joubert 078 224 2064

# POTGOOI




In hierdie reeks van Ek wil BLy, praat ons op Net-Nou eerlik oor wat dit beteken om te blom waar jy geplant is , om te kies om te bly, om geloof te leef in 'n onsekere wêreld, en om hoop vas te hou sonder om naïef te wees. Van identiteit en roeping tot geloof en realiteit dis verhale van mense wat kies om te staan, te glo en te blom... net hier, Net-Nou.

**Kliek op die skakel om te luister na Episode 4**

https://open.spotify.com/episode/6geqHQIzmK3b40O6L5jme1?si=dBjMHqzwRQmpjsGXlcqShQ

# KAMCARE

**Kliek op die skakel en lees Kamcare se September Nuusbrief**

https://www.kam-care.org/resources/KAMCARE_NUUSBRIEF%20%281%29.pdf

# GROEN KAMEELPERD

Kersfees kom vinnig nader! Onthou om vroeg te kom kyk vir daardie perfekte geskenk vir iemand spesiaal - moenie wag tot die laaste minuut nie!

GROEN KAMEELPERD

**WINKEL** *ure*

| | |
|---|---|
| MAANDAG | 8VM-1NM |
| DINSDAG | 8VM-1NM |
| WOENSDAG | 8VM-1NM |
| DONDERDAG | 8VM-1NM |
| VRYDAG | 8VM-1NM |
| SATERDAG | GESLUIT |
| SONDAG | 10:00VM-11:00VM |

**SKAKEL**
INDIEN DEUR NIE OOP IS
LIEZEL
072 150 3994

# NUWE INTREKKERS

**Welkom! Dis wonderlik dat jy vandag hier is! Kom loer gerus ná die erediens by die info-toonbank om hallo te sê, of kontak ons in die week by die kerkkantoor. Jy kan ook vir Thea 'n e-pos stuur by kantoor@kameeldrif.org.**

# ONS EIE SAMARITANE

Het jy geweet ons het 'n Samaritaangroep? Wanneer iemand siek is, besoek ons hulle graag en bid saam met hulle.

Laat asseblief ons weet indien jy of iemand anders siek is of gebed nodig het.
076 554 5031

# GEDENKMUUR

**Ons gedenkmuur bly 'n spesiale plek in ons harte. Die tuin is so rustig en spreek boekdele. Daar is nog nisse beskikbaar – voel vry om met Thea by die kerkkantoor daaroor te gesels.**

# PUREVIEW PROJEK

Ons is so dankbaar vir hoe ons Pureview-projek vorder! Daar is nog spasie beskikbaar vir jou advertensie – jy is welkom om René te kontak.

En onthou: ons het drie ingange! In die week gebruik ons net die middelste een, en Sondae is al drie oop.

# KERKKALENDAR 2026

**Wil jy jou advertensie in die 2026-kerkkalendar plaas?**

**Kontak René vir meer besonderhede - 076 554 5031.**

# FAMILIENUUS

Wat wil jy graag in die Familienuus lees? Stuur vir ons jou voorstelle of idees per epos na info2@kameeldrif.org - ons hoor graag van jou!

Wil jy adverteer in die Familienuus?
Vind meer uit daaroor deur 'n epos te stuur na info2@kameeldrif.org